Hoërskool **Fichardtpark**

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

9 Februarie 2021

Geagte ouers

Ons wil weer eens elke lid van ons Fichie-familie welkom heet. Ons wil in die besonder alle nuwe ouers, gr.8-ouers én -leerders verwelkom. Ons is opgewonde oor die volgende 5 jaar se samewerking en groei. Daar is reeds heelwat inligting en reëlings aan ouers en leerders deurgegee. Ons vind troos in die wete dat ons, in nederige afhanklikheid van ons Hemelse Vader, enige uitdaging wat 2021 bied, sal oorwin.

Personalia

Baie welkom aan die twee nuwe personeellede wat hierdie jaar by ons aansluit: me. Nadine Kruger (Engels gr.8 - 9) en me. Tania van der Walt (debiteureklerk). Ons weet dat julle gelukkig sal wees en ’n groot bydrae sal lewer. Baie geluk aan me. Adele Opperman wat gedurende die vakansie in die huwelik bevestig is.

Matriekuitslae 2020

Indien alles volgens plan verloop, glo ons dat die matriekuitslae 23 Februarie 2021 beskikbaar sal wees. Ons sien in groot afwagting uit na die bekendmaking van die uitslae.

Kontak Nommer: 051 522 6927 • Epos: fichpos@fpark.co.za
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317
www.fpark.co.za

Jaarblad 2020

Die Jaarblad van 2020 is beskikbaar op die skool se webtuiste, Facebook-blad asook op die D6 School Communicator. Baie dankie aan me. Carlé Terblanche en haar redaksie vir die spogproduk!

Handboeke

Ons het reeds al die grade se handboeke uitgedeel. Daar is enkele gevalle waar leerders nié hulle handboeke ontvang het nie. Met betrekking tot hierdie saak, sal daar ’n tweede geleentheid wees waartydens leerders handboeke kan afhaal:

- Woensdag, 10 Februarie 08:00 - 09:00
- Donderdag, 11 Februarie 08:00 - 09:00

Aanvangsheffing

Baie dankie aan al die ouers wat hulle aanvangsheffings betaal het. Fichie-ouers bly ware staatmakers!

Heropening van skole

In terme van die heropening van skole is daar belangrike reëlings wat ons graag aan u deurgee. Dit is van kardinale belang dat leerders en ouers kennis neem van die volgende:

Maandag, 15 Februarie

Leerders meld aan om 07:30

Graad	Graad 8	Graad 11	Graad 12	Graad 9 en 10
Plek waar leerders aanmeld	Doxa Deo kerk	Area voor Omni-dek	Skoolsaal	Bly by die huis

Dinsdag, 16 Februarie

Leerders meld aan om 07:30

Graad	Graad 9	Graad 10	Graad 12	Graad 8 en 11
Plek waar leerders aanmeld	Area voor Omni-dek	Skoolsaal	Direk na registerklasse	Bly by die huis

Woensdag, 17 Februarie

Leerders meld aan om 07:30

Graad	Graad 8 – 12
Plek waar leerders aanmeld	Alle leerders meld aan by hulle registerklasse

Ingevolge die Wet op Rampbestuur asook die COVID-19 regulasies moet die aantal mense steeds beperk word en mag geen ouers die openingsgeleenthede bywoon nie. Die graad 8-funksie sal opgeneem word en op ‘n latere stadium op Fichie-TV uitgesaai word.

COVID-19 protokol

Ons wil ouers verseker dat ons by Hoërskool Fichardtpark die COVID-19 protokol gehoorsaam. Ons onderneem om u kind se veiligheid in ons hande te neem en ten alle tye ’n veilige leeromgewing vir u kind te skep.

DATUMS

As gevolg van die inperking is ons verplig om heelwat datums aan te pas. Die gr 8 konsert, braaigeleentheid saam ouers en kleuresport sal ongelukkig of nie kan plaasvind nie of in ‘n ander formaat. In 2021 moes ons ongelukkig ook die Sportdag kanselleer.

Aangeheg die aangepaste kwartaaldatums vir 2021:

Kwartaal 1

15 Februarie-23 April

Kwartaal 2

3 Mei-9 Julie

Kwartaal 3

26 Julie- 1 Oktober

Kwartaal 4

11 Oktober-15 Desember

Sport

By Fichies besef ons die waarde van sport. Verskillende sportkodes het verskillende direktiewe. Daar waar sport kan voortgaan, sal ons as skool dit ondersteun en die nodige COVID-19 regulasies toepas en gehoorsaam. U is welkom om enige navrae aan die skoolhoof of die sporthoof, mnr. A Myburgh te rig.

Beheerliggaamverkiesing

Die skoolbestuurspan het vroegtydig by die Departement van Onderwys aansoek gedoen om, vir u gerief en veiligheid, die verkiesing elektronies te laat plaasvind. Indien u dit so verkies, kan u in die gerief van u eie huis die stembrief aanlyn invul. Indien ouers by die skool ’n stembrief wil invul, sal daar ook geleentheid wees daarvoor:

Datum: Vrydag, 5 Maart

Tyd : 08:00 tot 18:00

Meer besonderhede volg binnekort.

Kommunikasie platforms

Ons herinner ouers daaraan dat die skool se D6 School Communicator asook die skool se Facebook-blad die belangrikste platforms is waar daar met ouers gekommunikeer word.

Ten slotte, wil ons elke ouer bedank vir u positiewe gesindheid. Ons sien uit na ’n produktiewe en vooruitstrewende 2021.

Fichie-groete

H VAN DER MERWE

SKOOLHOOF